
DIT WORD WEER FEESTYD!

Gaan die tyd werklik so vinnig verby! Die volgende Dorslandtrek-gedenkfees word beplan vir 22 tot 26 Augustus 2008. 'n Uitgebreide Reëlingskomitee het op 14 April 2007 op Otjiwarongo vergader om die wiele aan die rol te kry vir die 80-jarige gedenkfees by die Okapuka-kampterrein naby Swartbooisdrif aan die Kunene. Ons maak dit nou reeds bekend, sodat belangstellendes betyds reëlings kan tref, want ons vertrou daar gaan weer 'n groot opkoms wees.

Registrasievorms en kampreëlings sal weldra aan persone gepos word wie se name en adresse ons het. Die registrasiefooi sal weer soos in die verlede bekend gemaak word op die registrasievorm, maar dit sal waarskynlik dieselfde as in die verlede wees toe dit N\$150, 00 per persoon was. Skoolgaande kinders en persone ouer as 80 jaar woon die kamp gratis by. Ander belangstellende persone kan ons 'kantoor' skakel vir die nodige vorms en inligting. In die verlede was staanplek nogal 'n probleem, omdat elkeen graag onder lekker koeldebome wou staan. Ons sal probeer om die mense wat eerste bespreek en betaal, gunstige plekke aan te bied. Die saak raak egter ingewikkeld wanneer groepe bymekaar wil staan. In sulke gevalle moet die "leier" bereid wees om die groep saam met hom, se geld vooruit te betaal en dit dan van sy mense te vorder. Dit sal egter raadsaam wees as elkeen voorsiening maak vir ekstra skaduwee. Ander aspekte waarvan kennis geneem moet word, sluit die volgende in:

4 x 4-toer na Angola: Faan van der Merwe beplan om weer 'n toergroep na Angola te lei na die fees. Belangstellendes kan met die komitee skakel of direk met Faan by 067 – 242 548 op Grootfontein. Daar moet ook gemeld word dat daar tentatief reeds gedink word aan 'n toer vir Suid-Afrikaners na Angola in 2009. Dit het in die verlede geblyk dat die toer wat voor die fees vanaf Rietfontein (Gobabis) onderneem is om verskeie redes onprakties was en daarom word hierdie keer daarvan afgesien. Mense moet kennis neem dat die bywoning van die fees en die toer na Angola twee sake is. U moet vir 'n staanplek by die fees registreer en apart met Faan v/d Merwe kommunikeer as u Angola toe wil toer.

Aandenkings en ander items: Inligting sal te geleger tyd bekend gemaak word rakende aandenkings wat die komitee by die fees beskikbaar gaan stel. Peet Harmse gaan dit koördineer. Op grond van versoeke in die verlede, kan private persone / kampeerdere ook aandenkings of ander items soos boeke te koop aanbied of adverteer. Die versoek is net dat sodanige persone asseblief vooraf met die komitee skakel oor sulke items, ter wille van goeie koördinering. Daar sal ook verwag word dat u 'n gedeeltetjie van u wins aan die feeskomitee oorbetaal.

Van die verrigtinge gaan weer by die monument plaasvind waar ons graag nog 'n **gedenkplaat** wil onthul.

Restourasie van grafte en historiese plekke: Familielede en belangstellendes het die komitee genader oor die verwaarloosde graf van die trekleier, Gert Alberts, in Angola en ook die graf in Etosha. Ons wil graag familielede aanmoedig om betrokke te raak by die restourasie van sodanige grafte, omdat dit ongelukkig geld en moeite verg. Waar sodanige grafte formeel as monumente aangedui word, soos in Etosha, is die komitee bereid om 'n fasiliteringsrol te speel. Daar moet, bv. met die betrokke ministerie geskakel word oor

sodanige planne en aksies. Kosteberamings moet gedoen word, herstelaksies beplan word en uiteindelik sal uitgawes na die families toe afgewentel word. Toevallig is daar reeds material geskenk wat vir die Etosha-graf aangewend kan word. Baie dankie aan dr. Jannes Brandt, Jurie en Rita se skoonseun. Betrokkes kan die komitee skakel vir verdere onligting. Faan van der Merwe het onderneem om met die Portugese owerhede te skakel oor sodanige grafte in Angola. In dieselfde asem wil ons vir Faan bedank vir wat hy al in die verband gedoen en onderneem het, hoofsaaklik op eie koste.

Addisionele akkommodasie: Omdat so 'n behoefte uitgespreek is, het die komitee met die bestuur van die Kunene River Lodge geskakel oor 'n moontlike blokbepreking vir ons ouer lede wat nie wil of dalk kan kampeer nie. Die volgende inligting is deur die Lodge aan ons verskaf:

Camping: N\$ 80,00 / person / night
Bungalows: N\$420,00 / person / night (including Bed and Breakfast)

Activity at Kunene

Sundowner/Birdwatching boat trip N\$225,00 / person including refreshments
Himba village visit N\$150,00 / person
Quad bike Adventure: Witsand N\$375,00 / person two hours
Rafting Adventure: Ondoruzu gorge N\$375,00 / person
Erika Glück

Exclusive Reservations & Marketing

NTB. Reg. no: BOO00025
Tel: +264 61 237 294
Fax: +264 61 237 295
Email: reservations@exclusive.com.na
Website: www.exclusive.com.na

Dit is egter belangrik dat wanneer u staanplekke bespreek, u sal aandui hoeveel persone betrokke is.

Ons beplan ook om weer vervoer vir sulke persone te reël vanaf Windhoek. Verdere inligting hieroor sal mettertyd bekend gemaak word. Persone wat van hierdie reëlins en geriewe gebruik wil maak, moet die komitee so gou as moontlik in kennis stel, tesame met u persoonlike omstandighede waarvoor moontlik voorsiening gemaak moet word.

VERSOEKE

- Ten einde ons in staat te stel om so wyd as moontlik te kommunikeer, word almal wat met ons skakel versoek om 'n e-posadres te voorsien. Vriende uit Suid-Afrika word versoek om moontlik 'n gefrankeerde koevert met 'n RSA-seël te stuur.
- Mense wat geld elektronies inbetaal, moet deeglik kennis neem dat die strokie ook gefaks moet word, sodat die inbetaling gekontroleer kan word. Allison du Plessis het ook aangebied om met behulp van ander lede 'n geldinsamelings-veldtog te loots. U word versoek om waar moontlik behulpsaam te wees.
- As daar mense is wat hulp wil aanbied met die reëlins van die fees, sal ons dit baie verwelkom. Maak asseblief kontak met enige persoon op die adreslys wat ons vir u voorsien.
- Henry Engelbrecht van Pretoria soek 'n ossewa of iemand wat bereid is om 'n wa te bou. Hy wil dit by 'n onderneming in Namibië aanwend. Sy nommer is 0832734478.

- As daar van u is wat nuwe inisiatiewe het vir die 2008-fees, moet u nie huiwer om met ons te skakel nie.

ERKENNING

Die Komitee wil sy dank uitspreek teenoor die volgende mense:

- Hentie Henning wat vir ons sink geskenk het om die skuur op ons terrein se dak op te sit. 'n Woord van dank aan Basie Prinsloo wat die sink sal vervoer.
- Cornelius MacDonald wat vir ons 200 sakke sement geskenk het en wat onderneem het om die tweede struktuur by die Dorsland-monument op te rig.
- Daantjie van Vuuren en Dries Horn wat aangebied word om met die owerhede in daardie area te onderhandel, sodat ons ons fees suksesvol kan aanbied.
- Quinten en Stienie van Rooyen wat vir ons 'n mooi bord gaan borg wat ons daarbo gaan oprig om die monument en die drif aan te dui.
- Al die Komiteede wat hulle tot sekere take verbind het.

DIE WERKSKOMITEE

Die volgende persone het die vergadering van 14 April op Otjiwarongo bygewoon. U kan met enige persoon skakel om meer inligting te bekom. Ander mense wat wil hulp aanbied, sal ons taak verlig.

Boet Greeff	067-234670		Posbus 311, Otavi
Marthie Greeff			
Andries Horn	067-222739		Posbus 732, Tsumeb
Johanna Horn			
Jan Duvenhage	064-504073		Posbus 12, Uis
Martie Duvenhage			
Faan v.d. Merwe	067-242584		Posbus 89, Grootfontein
Danie v.d. Merwe	0811289822	ddvdm@iway.na	Posbus 1458, Grootfontein
Cornelius M McDonald	0811286422	martiemcd@anansi.co.za	Posbus 43, Usakos
Martie McDonald			
Willie Grobler	067-304559	namv@mweb.com.na	Posbus 2034, Otjiwarongo
Franci Grobler			
M Prinsloo	067-234330 0812537325		Posbus 337, Otavi
Jurie Viljoen	0812768478 061-229931	juriev@iway.na	Posbus 24843, Windhoek
Rita Viljoen	0812768478 061-229931	juriev@iway.na	Posbus 24843, Windhoek
Lourens en Alison du Plessis	067-312148 0812431584	pader@iway.na	Posbus 146, Outjo
Polla Steyn	061-241043 0811299061	pssteyn@iway.na	Posbus 21994, Windhoek
Johanna Saunderson	0812774933	jsaunderson@fnbnamibia.com.na	Posbus 100, Otjiwarongo
Callie Opperman	0811278238	callie.opperman@iway.na	Posbus 30115, Windhoek
Carel en Susan Thomas	061-252390		Posbus 80421, Windhoek
Kotie le Grange	062-564774 0813328696		Posbus 174, Gobabis
Peet Harmse	062-501835 0811272015	harmse@mweb.com.na	Okahandja

UIT DIE ARGIEWE

‘n Merkwaardige man

Michael Wilhelm Prinsloo (Giel Prens) was die seun van George Diederik Prinsloo, landdroos in ‘die groot Dorslandtrek’ en ‘n regstreekse afstammeling van die ‘durf-en-daad’ Prinsloos van Slagtersnek. Hy het as jong man aan die Dorslandtrek van 1877 – 81 deelgeneem en in 1884 saam met ‘n aantal trekkers teruggetrek tot in Suidwes (Damaraland) en daarvandaan later saam met enkele trekkers deur die woestyn terug tot in Transvaal. In 1892 is hy weer saam met ‘n nuwe trek noordwaarts deur die woestyn, by die N’Gami-meer verby, langs die Kavango verder, by die Etosha-pan langs tot in Angola! In totaal het hy dus ‘n afstand van tussen nege en tien duisend kilometer afgelê!

Op ‘n vraag van dr. Albert Coetzee, eertydse onderwyser vir die Dorslandkinders in die vroeë 1920’s, waar hy woon, het Oom Giel Prens met ‘n ondeunde kyk in sy oë en terwyl hy met sy sambok suid-oos beduie, geantwoord dat hy nog nie ‘woon’ nie, maar dat hy ‘daar anderkant die koppetjie bly’. Dan gaan dr. Coetzee voort: ‘Sy graf in Angola is een van die bakens op die voorpos van die beskawing vir die vestiging en uitbreiding waarvan ‘n nuwe nasie deur die Allerhoogste geskep is – die Afrikanernasie.’”

Die trekkerbloed het dik in Oom Giel se are gevloei. So het hy aan dr. Coetzee bevestig dat hy nog graag noordwaarts tot in ‘Egipte’ met sy ossewa sou wou trek, maar dat die vlieë (tsetse-vlieë) dit onmoontlik maak. Verskeie staaltjies was dan ook oor hierdie merkwaardige mens in omloop. So het hy ‘n leeu, wat besig was om aan een van sy osse te vreet, van so naby geskiet dat hy die voerpunt van sy geweerloop as’t ware teen die leeu se lyf gedruk het toe hy die skoot afgetrek het. Kort nadat hulle oor die Kunene in Angola ingetrek het, het hy met sy gesoute perd vingeralleen ‘n opstandige inboorlingstat ingeneem deur die perd dwarsoor die heining te laat spring. Die inboorlinge was so verskrik dat hulle onmiddellik op die vlug geslaan het! En in sy ouderdom moes hy op ‘n donkie ry omdat perde nie in Angola geard het nie.

Soos hier bo gemeld, is hy saam met ander trekkers in 1884 terug Suidwes toe. In Damaraland het die inboorling vir Roelf du Toit vermoor en daarna Giel se vader se bees gesteel. Giel, Dolf Holtzhausen en ‘n paar seuns het in die maanlig die platgetrapte gras gevolg waaroor die vee aangejaag is. Teen ‘n rant het hulle die vure van die rowers gewaar en uiteindelik het Giel alleen nader gegaan en die rowers bekruipt tot teen ‘n rots vlak by een van die vure. Van daar het hy aangelê op die kaptein, geklee in die vermoorde Roelf du Toit se klere, waar hy sy hande oor die vuur staan en warm maak het. Giel het hom geskiet dat hy vooroor in die vuur val. Soos afgespreek, het die ander drie wild begin skiet asof hulle ‘n hele kommando is. Die rowers het gevlug en die beste, behalwe die een wat geslag is, is teruggeneem na die laers.

Giel Prinsloo was inderdaad ‘n mens wie se nagedagtenis gehuldig moet word.

‘n De Lux-model Ossewa

Een van die gesinne wat die eerste Dorslandtrek meegemaak het, was dié van die oue heer Johannes Marthinus van der Merwe (Oom Hans), ‘n Voortrekker uit die Kaapkolonie. Hy was ryk en kon ‘n rustige lewe op sy plaas, Rusfontein, in die distrik Pretoria ly. Maar in die binneste van hierdie twee-en-tagtigjarige ou trekker en sy groep was daar ‘n onweerstaanbare verlange om te trek, in hul are het die trekkerbloed verlang na die rustelose van so ‘n beweging. Hulle het maar eenvoudig beantwoord aan die eerste bestemming van die nasie – om Afrika te bewoon’.

Oom Hans het sy lang tentwa gerieflik ingerig met ruitvensters aan weerskante, plankdeure voor en agter in plaas van seildoeklappe en in die tent ‘n stoof, waarop die kos in die ry gekook kon word. Hiervoor het hy spesiaal ‘n jong ‘grootmaakskepsel’, Paadjie Rol, saamgeneem, wat later in Angola beroemd geword het as kok vir die besoekende predikante. Oom Hans van der Merwe is in die ouderdom van 92 jaar in Angola oorlede. Paadjie Rol is in Januarie 1924 oorlede, ook op Humpata.

Albei stukkies met erkenning aan dr. J. Albert Coetzee.

Die Skoot in die Nag – ‘n Groot Storie!

Aan die begin van die vorige eeu was oom Gielie ‘n transportryer in die noordweste van Angola. Hy het een aand diep ingedagte op die voorkis van sy wa gesit. Die lug was bewolk en sonder enige maanlig of sterlig, was dit baie donker. Die wa het baie stadig beweeg in die rigting waar hulle hul reisgenote moes ontmoet.

Skielik is hy bewus van ‘n onrus onder die osse. Die touleier, Vittorio, roep in sy moedertaal, Chimbundu, na agter: “Oubaas moet kom kyk, hier is groot fout by die osse!”

Oom Gielie spring met die gelaaiete Martini-Henri in sy hand van die wa-kis af. Hy roep na Dumbu om die brik aan te draai en te kom help. Gelukkig het oom Gielie ‘n dosie vuurhoutjies in sy sak en met die eerste vuurhoutjie-liggie kry hy ‘n groot skok! ‘n Yslike groot leumannetjie het vir Blokland, die staatmaker-os hot op ses, aan die bek en neus beet en skuifel saam soos die span osse beweeg.

Dumbu trek nog ‘n vuurhoutjie en oom Gielie voel met die een hand presies waar die oor van die leeu is. Met versigtige berekening van die rigting waarin die koeël gaan trek, druk hy die geweerloop in die leeu se oor en trek die skoot af. Die leeu gee ‘n laaste roggel en los die os se bek. Die touleier het al sy moeite om die osse, nou baie onrustig weens die gewerskoot en die leureuk, weer tot bedaring te bring.

Dumbu en Vittorio sleep die leeu na die agterkant van die wa en help oom Gielie om dit met ‘n groot gesukkel agter op die wa te laai. Die reis word hervat na waar die twee reismaats reeds wag.

Met groot verligting sien hulle later die vuur by die ander uitspanning. Salmon en Koos wil dadelik weet van die skoot wat hulle gehoor het en word die leeu agter op die wa gewys. Daar word uitgespan en die osse se rieme word aan die jukke vasgemaak. By die lig van 'n groot stuk brandende hout sien hulle dat die beserings aan Blokland se neus en bek gelukkig nie baie erg is nie.

Met eerste lig slag Dumbu en Vittorio die leeu af en sout die vel. Nou kan oom Gielie sien hoe maer die leeu en stomp sy tande is. Hulle besef dat dit 'n ou leeu was wat waarskynlik deur 'n jong, sterk mannetjie uit die trop verdryf is. Die arme dier was waarskynlik desperaat van die honger en 'n os in 'n stadig-bewegende span was die ideale prooi.

*Met erkenning aan: Lenie du Plessis
*01.01.1929 †31.07.2004
Verhaal opgeteken in 2002. Eerste keer verskyn in "Little Texas",
Gobabis*

KORRESPONDENSIE

Inligting oor Houmoed en Bitterwater

Dr Erik Barnard van Bettysbaai in Suid-Afrika soek inligting oor die toentertydse skooltjies op Bitterwater (op die plaas Zania van Japie Enslin) en Houmoed in die Gobabis-omgewing. Sy pa, Hannes Barnard, het rondom 1930 op dié twee plekke vir die Angola-kindere skool gehou en hy wil graag meer inligting daarvoor bekom. Hy het reeds met mense soos oom E T Meyer kontak gemaak. Enigiemand wat hom met inligting in dié verband behulpsaam kan wees, kan hom kontak by:

Posbus 14, Bettysbaai, 7141 of by die epos-adres: barnard-e@telkomsa.net

Louw du Plessis, Genealoog, Johannesburg

Môre Polla

Ek is 'n oud-Suidwester, Louw du Plessis, gebore 22/11/1945, 'n afstammeling van een van die leiers van die Tweede Trek en woonagtig in Linden, Johannesburg. Was 2003 by die fees gewees en beplan om 2008 weer te gaan.

Ek probeer die webwerfadres, maar kan nie inskakel nie. Ook die e-pos adres wat julle gegee het vir Marie van der Merwe, kom terug as onafgelewer?

Indien ek enige donasie wil maak, kan ek weer 'n tjek (ABSA) stuur en na wie se adres?

Indien jy weer 'n nuusbrief uitstuur, sal ek dit waardeer indien jy vir my 'n versoekie kan plaas. Ek soek na die direkte afstammeling van die trekleier, Lourens Marthinus du Plessis, gebore 1840 en gedoop 1842 over die Grootrivier, en sy eggenote Gertruida MM Steenkamp, gebore 1843.

Ek is 'n lid van die Wes Gauteng Genealogiese Groep hier in Johannesburg en werk spesifiek op die Du Plessis's van Angola, maar meer op Louw du Plessis, die trekleier, en sy broers soos Philippus Lourens Andries du Plessis, gebore 1850, Aletta v/d Merwe en Jan Adriaan du Plessis, gebore 11/9/1848, gedoop 1849 en Christina Johanna Sophia Labuschagne, gebore 17/12/1851. Inligting wat ek het, kan altyd uitgeruil/gekontroleer word.

My kontakbesonderhede is as volg: Epos adres: parexcel@iafrica.com
Tel: (011) 8883433
Faks: (011) 8881225

Alles van die beste.

Louw du Plessis

†DORSLANDTREK-KIND STERF OP 100-JARIGE OUDERDOM

In die laaste dekade het afstammelingen van die Dorlandtrekkers verskeie kere by Swartbooisdrif op die walle van die Kunene-rivier in die verre noorde van Namibië byeengekom om die koms van die Angola-Boere na die destydse Suidwes-Afrika in 1928, feestelik te gedenk. Feesgangers het vanuit Namibië, Suid-Afrika en Botswana opgetrek na die byeenkomste. Die verrigtinge is gewoonlik in die media gedek en 'n insiggewende dokumentêre TV-program is in 2001 vervaardig oor die trekroete wat met 4x4-voertuie gery is.

Dit is te betwyfel of daar vandag nog kinders van die oorspronklike Dorlandtrekkers lewe. Van die laaste oorlewendes was mevrou Hester Alberts, wat op 27 Maart vanjaar in die ouderdom van 100 jaar en 5 maande te Potchefstroom oorlede is.

Tant Hester, soos sy algemeen bekend was, is op 3 Oktober 1906 op Humpata in Angola gebore as een van 10 kinders van die Dorlandtrekkers, Johannes Petrus Venter en Marie Aletta Venter (gebore Botha). Tant Hester is in Augustus 1924 getroud met Jacobus Johannes Alberts, 'n kleinseun van die Dorlandtrekster, Gert Alberts, en seun van Andries Alberts wat 'n leidende rol gespeel het in die onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse Regering om die Angola-Boere na bykans 50 jaar in die vreemde in Suidwes-Afrika (Namibië) te hervestig. Ses seuns is uit die huwelik gebore waarvan twee vroeg oorlede is. Haar man het haar in 1987 ontval.

Soos ons almal weet, is daar na lang onderhandelinge met Genl Hertzog, Eerste Minister van Suid-Afrika, mnr Piet Grobler, Minister van Lande en mnr A J Werth, Administrateur van Suidwes, tot 'n vergelyk gekom en het die Angola-Boere Angola in Augustus 1928 verlaat en na Suidwes verhuis. Die eerste wa wat die môre van 22 Augustus 1928 by Swartbooisdrif die Kunene-rivier oorgesteek het, was dié van oom Michiel van der Merwe en sy vrou, die beminlike tant Tui en hulle kinders. Daarna het nog 4 families deurgetrek en die eerste trekgroep het voet aan wal gesit in hulle nuwe vaderland. Met gereelde tussenposes van 5 of 6 dae, het die ander groepe gevolg tot die 65ste groep op 27 Februarie 1929 Angola finaal verlaat en die ongeveer 2 500 mense hulle in 'n nuwe vaderland hervestig het.

Koos en Hester Alberts was met hulle driejarige tweeling seuntjies een van die gesinne wat in 1928 hul nuwe vaderland betrek het.

Die Angola-Boere is aanvanklik in kampe gehuisves, waarna hulle van geldelike voorskotte voorsien is en grond ontvang het waarop hulle 'n bestaan moes maak.

Nadat hulle aanvanklik in 1928 in die oorstaan-kamp naby Outjo gebly het, het tant Hester en oom Koos op verskeie plekke in die destydse Suidwes-Afrika gewoon, omdat die eerste tien jaar in Suidwes vir alle Angola-intrekkers baie moeilik was. Uiteindelik het hulle gevestig geraak op die plaas Elandsweide naby die Waterberg, noord-oos van Otjiwarongo. Later het hulle hierdie plaas verkoop en die plaas Kanona naby Omaruru

gekoop, waar hulle gewoon het totdat oom Koos nie meer kon boer nie. Daarna het hulle na Suid-Afrika verhuis en het hulle op Prieska en Fochville gewoon, voordat albei na 'n aftree-oord in Pretoria getrek het, waar oom Koos in 1987 oorlede is. Tant Hester het gedurende 2005 na die ouetehuis in Potchefstroom verhuis, waar sy op 3 Oktober 2006 haar honderdste verjaarsdag gevier het.

Tant Hester word oorleef deur haar vier seuns, mnr Johannes Alberts wat ook in die tehuis in Potchefstroom woon, mnr Koos Alberts van Potchefstroom, dr Andrew Alberts woonagtig in die Strand en mnr Marius Alberts van Gobabis, Namibië. Benewens die 4 seuns en 3 skoondogters, is daar 11 kleinkinders en 24 agterkleinkinders.

Bydrae: Dr Andrew Alberts

(+ Foto)

ARGIEFNAVORSING

'n Onbekende persoon, wat later 'n vriend geword het, het eendag vir my 'n e-pos uit Pretoria gestuur. Hy het in die Nasionale Argief twee interessante lêers raakgeloop. Die lêers is onder die korrespondensie van Buitelandse Sake (BTS) en handel oor die volgende aspekte:

BTS 86/7/1 Settlement of Angola farmers in South-West Africa: 1928 -1965

BTS 86/7/1/1 Assistance to Angola Farmers: 1955 – 1959

BTS 86/7/1/1 Angola Farmers Festival at Humpata: 1957 – 1958

Toe ek onlangs in Pretoria was, het ek hierdie lêers opgespoor en dit baie interessant gevind. Ek noem dit omdat daar dalk mense is wat eendag hierdie geskiedenis wil navors. Interessantehede wat ek raakgeloop het, is onder andere die volgende:

1. **Gesinne in Angola:** Mnr Alfred Meyer, wat die S.A. konsul in Angola was, rapporteer dat die verspreiding van die mense voor hulle terugkeer in 1929 soos volg was:

• Die Sandveld (Ochinjao – krokomokukma)	80 gesinne
• Humpata (Palanca-Vaalkop)	100 gesinne
• Cubal (Hanja – Hoëveld)	20 gesinne
• Que (Kee) Calugnambe	50 gesinne
• Zepi (Huambo, Cahala, Longonjo, Cuando)	30 gesinne
• Mombolo (Namba, Cuimbira, Dumbie)	60 gesinne
• Libolo (Bailundo, Kasulo)	10 gesinne
• Chinguar (Sacanjimba)	20 gesinne
• Kasai (Diamantveld)	15 gesinne
• Verspreidwonendes	<u>50 gesinne</u>
Totaal	<u>435 gesinne</u>

2. Die Afrikaners was onwelkom in Suidwes Afrika

In sy boekie het mnr E T Meyer volledig aangedui dat die Angola-boere in 1928/1929 onwelkom was in Suidwes Afrika. Dit is interessant dat, ten spyte van die aandrang van Administrateur Werth dat die Angola-boere ook deur die Wetgewende Vergadering van Suidwes Afrika gehelp moet word, het hulle die geld, £50 000, by monde van die Voorsitter, Mnr Albert Voigts, afgekeur. Daar is aangedring dat as die Angola-boere sou inkom, daar ook 50 Duitse gesinne ingevoer moet word. Op sigself was dit seker nie verkeerd dat Duitse gesinne toegelaat word nie, maar dit was na die Eerste Wêreld-oorlog en was daar nog steeds spanning tussen Suid-Afrika en Duitsland.

3. Die fees in Humpata

Van 4 - 8 Julie 1957 was daar 'n herdenkingsfees in Humpata. Dit is bygewoon deur 250 Afrikaners en 200 Portugese. Verskeie erediensde is gehou en al die begraafplase is besoek. Die amptelike opening is waargeneem deur die Voorsitter, mnr Georg van der Smit. Tydens hierdie geleentheid is die monument aan die Portugese Regering oorhandig. Al die dokumentasie is agter die steen wat daarin aangebring is, toegemessel.

Bydrae: Jurie Viljoen

KONTAKBESONDERHEDE

Redakteur

Polla Steyn
Posbus 21994
Windhoek, Namibië

Tel : (+264-61) 241043 (h)
Faks : (+264-61) 260401
E-pos : pssteyn@iway.na

Voorsitter

Jurie Viljoen
Posbus 24843
Windhoek, Namibië

Tel : (+264-61) 229931 (h)
E-pos : juriev@iway.na

Medewerker

Dr Callie Opperman
Posbus 30115
Pionierspark
Windhoek, Namibië

Tel : (+264-61) 242004 (h)
E-pos : callie.opperman@iway.na

Sekretaresse

Rita Viljoen
Tel : (+264-61) 229931 (h)
E-pos : juriev@iway.na

Webwerfadres

<http://dorsland.freehomepages.com>